

Is jou kind skoolgereed?

• Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan

Skoolgereedheid is die heel eerste stap tot 'n suksesvolle skoolloopbaan en verwys na die kind se totale gereedheidsvlak om by formele onderrig te kan baatvind. Die klem val hier op totale aangesien dit 'n komplekse integrasie en inskakeling van 'n verskeidenheid aspekte van ontwikkeling is wat skoolgereedheid bepaal. Faktore soos dat jou kind se lengte normaal in vergelyking met sy maats is, hy sy melktande gewissel het, of binne die regte ontwikkelingsstydperk begin loop het, bepaal nie noodwendig sy gereedheid vir skool nie. Skoolgereedheid word ook nie slegs gemeet aan 'n kind se intelligensie nie, maar behels ook of 'n kind emosioneel reg is om die druk van onderrig in 'n groot groep te hanteer. Jou kind se skoolgereedheid kan met 'n boom wat groei vergelyk word:

- Die wortels kan gesien word as jou kind se fisiese ontwikkeling en sluit groot- en fynmotoriese ontwikkeling in. Net soos wat 'n boom se wortels die hele boom beïnvloed, so ook beïnvloed die fisiese ontwikkeling al die ander aspekte van jou kind se ontwikkeling. Die wortels hou ook die boom regop en stabiel, en die ontwikkelende spiere dien die selfde doel. Swak motoriese ontwikkeling skaad konsentrasie - Byvoorbeeld, as 'n kind die meeste van sy konsentrasie moet gebruik om regop te probeer sit, is hy te moeg om te konsentreer op wat die juffrou sê.


- Die stam van die boom kan as die emosionele ontwikkeling, bereiking van onafhanklikheid, selfvertroue en die afwesigheid van angs gesien word. Deur jou kind vir 'n rukkie dop te hou terwyl hy met sy maats speel of wanneer hy nuwe maats ontmoet, sal jy vinnig agterkom of hy emosioneel gereed is vir skool. Hy sal byvoorbeeld vinniger van jou rokpante laat gaan en saam met die nuwe maats gaan speel terwyl hy pronk met al sy vaardighede. Hy sal ook graag take self wil uitvoer sonder om oormatig angstigheid te toon of bang te wees om 'n fout te maak. Soos wat die wortels voedsel aan die stam van die boom verskaf, so gee goeie fisiese ontwikkeling vir jou kind selfvertroue en die gereedskap om sy wêreld te kan verken, soos beklemtoon deur Prof. Kitty Uys, 'n

arbeidsterapeut wat verbonde is aan die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie aan die Universiteit van Pretoria. As kinders agterkom dat hulle nie die motoriese mas opkom nie, probeer hulle dit verberg met ander gedrag. Dit kan wees dat so 'n kind hom terugtrek, want hy word deur die maatjies gespot omdat hy sukkel. Of hy word die klashanswors wat altyd gekseer om aandag weg te lei van die probleem wat hy binne die klas ervaar.

- Jou kind se sosiale ontwikkeling kan met take vergelyk word aangesien dit die uitreiking na ander behels. Dit sluit die gewilligheid en vermoë om vriendskappe te vorm en om minder selfgefokus te wees, in. Verder behels dit jou kind se vermoë om met ander te kan deel, saam met hulle te kan speel en met empatie teenoor ander op te tree – deur byvoorbeeld 'n maatjie wat ongelukkig is te troos. Dis met die aspek van 'n kind se ontwikkeling waar die ouers die belangrikste skakel in hulle kind se lewe vorm. Wanneer jou kind geliefd en veilig voel, word sy behoefte aan geborgenheid en aanvaarding bevredig wat 'n sleutelement van sosiale ontwikkeling is. Emosionele en sosiale ontwikkeling is nou verwant aan mekaar – die take kan tog nie bestaan sonder die stam van die boom nie.

- Om die kind se ontwikkeling af te rond is intellektuele ontwikkeling belangrik en dien dus as die boom se blaartjies. Dit sluit die ontwikkeling van taal, visuele en auditiewe persepsie, abstrakte konsepte soos oorsaak en gevolg en probleemoplossing, in. Taalontwikkeling geskied deur interaksie met mense en hier is die ouers weereens die belangrikste skakel in 'n kind se lewe.

As ouer vervul jy 'n belangrike rol deur jou boompie daagliks te voed en sy ontwikkeling aan te moedig. Elke kind is uiteraard uniek en daarom sal sy ontwikkeling ook wees maar soos wat jy daagliks vir 'n boom water sal gee, so ook moet jy vir jou kind aktiwiteite saamstel om hom te help groei en ontwikkel. Stimulerende aktiwiteite hoef nie formeel of duur gekoop te wees nie. Speel eerder met jou kind buite, gooi balle, klouter en klim, lees vir hulle en bied geleenthede vir interaksies. As ons kinders 'n stewige grondslag in basiese vaardighede het, kan hulle meer suksesvol die akademiese vaardighede soos lees en skryf by die skool baas-



raak. Laat staan al die ekstra lesse en 'skoolhou' tuis en gebruik eerder daardie tyd om met jou kind te speel en koekies te bak. Kinders hoef ook nie te kan lees voor hulle skool toe gaan nie. Gee kinders die geleentheid om kind te wees. Deur die loop van die jaar, sal verskeie artikels en aktiwiteite in die koerant geplaas word om die verskeie ontwikkelingsvaardighede te stimuleer en sodoende jou kind se skoolgereedheid te prikkel.

Bronne:

- de Vries, A. (n.d.). Is my kind skoolgereed?. Ontvang vanaf www.fftc.co.za/

Articles/26.pdf

- Schoeman, A. (2010, April 6). Speel-speel skoolgereed. Rooi Rose. Ontvang vanaf <https://www.rooirose.co.za/speel-speel-skoolgereed/>

- Welsh, J.A. (2014). Promoting young children's school readiness: What parents can do. In R. E. Tremblay, M. Boivin and R. D. Peters (Eds.) Encyclopedia on Early Childhood Development. Ontvang vanaf <http://www.child-encyclopedia.com/school-success/according-experts/promoting-young-childrens-school-readiness-what-parents-can-do>.

Top 5 presteerders by Hoërskool Heilbron



Die top-5 primêre presteerders van Hoërskool Heilbron. Voor, graad 4: Adri Erasmus (eerste), Juan J. van Rensburg (tweede), Nythan Kotzé (derde), JC Pretorius (vierde) en Cariska J. van Rensburg (vyfde). Tweede ry, graad 5: Alexa Kruger (eerste), André Viviers (tweede), Carli Rochat (derde - afwesig), Johanri Pretorius (vierde) en Kayla Bosman (vyfde). Derde ry, graad 6: Michaela Grobler (eerste), Annalize Swart (tweede), Sule Strydom (derde), Brandon Kotzé (vierde) en Madaleen de Beer (vyfde). Vierde ry, graad 7: Wessel Steyn (eerste), Tiaan van Rooyen (tweede), Stean Lategan (derde), Johan Bergh (vierde) en Calvin Claasen (vyfde).



Die top-5 vierde kwartaal 2017 senior presteerders van Hoërskool Heilbron is van voor, graad 8: Anica Grobler (81,11%), Janke Pretorius (81,11%), Jané Jansen van Rensburg (81,00% - afwesig), Alden Peach (80,44%) en Ferdi Erasmus (75,56%). Tweede ry, graad 9: André Muller (84,67%), Danica Boucher (83,00%), Wilandri Naudé (86,67%), Wilandré Pretorius (78,44%) en Petra du Plessis (78,22%). Derde ry, graad 10: Kyla de Lange (80,78%), Izany de Wit (72,56%), Mariaan Mouton (72,56%), Jan Strydom (72,56%) en Elana Dippenaar (72,33%). Vierde ry, graad 11: Amané Watson (83,00%), Carissa Peach (78,00%), Tomari Prins (77,86%), Megan Strydom (72,14%) en Sarel Mouton (71,71%). Vyfde ry, graad 12: Ceejay Myburgh (77,57%), Jannelize Naudé (77,00%), Elsjé Kruger (74,71%), JJ Joubert (74,43%), Wilko du Plessis (72,86%) en Rolandi Els (72,86%).